PREDIKANT

Ds. Anton Dednam
060 996 7291
anton@gkrietvallei.co.za

SKRIBA
Ouderling Deon Venter
083 376 7523
skriba@gkrietvallei.co.za

DIAKONIE
Diaken Annamarie van der Merwe
083 264 0328
avdm2@mweb.co.za

OPERASIONELE BESTUURDER
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695
thomas@gkrietvallei.co.za

SUSTERS
Sr. Inneke Dednam
081 750 6468
gkrietvalleisusters@gmail.com

FINANSIES
Sr. Estelle Strydom
012 347 7362
fin@gkrietvallei.co.za

ADMINISTRASIE
Sr. Karen de Lange
012 347 7362
admin@gkrietvallei.co.za

KOSTER
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695

ORRELIS
Sr. Christine v. Helden
072 658 5664
christine@realaccounting.co.za

ELJADA
eljada@gkrietvallei.co.za

Eljada

Die Here voorsien

Vertel en Leef die Goeie Nuus

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

"Verhef U bo die hemele, o God, U heerlikheid oor die hele aarde."
Psalms 57:12

22 November 2026

WOORDBEDIENING

OGGENDDIENS om 09:15

Psalm 147: 1 en 3

Psalm 51: 1 en 6

Psalm 37: 14, 17 en 19

Psalm 105: 3 – 5

Psalm 146: 3 en 8

Skriflesing: Spreuke 3: 1 – 6 (2020 Vertaling)

"3 Troue liefde en waarheid moet jou nooit verlaat nie. Bind dit om jou nek, skryf dit op die tafel van jou hart."

Spreuke 3:3

Tema: Gehoorsaamheid as vrug van geloof.

DOOP:

Baie geluk aan die volgende gesinne wat hulle kinders ten doop hou. Baie welkom aan die grootouers, familie en vriende.

- Br. Johan en sr.Tania Krüger (D17) wat vandag hul babaseun Christiaan ten doop hou. Dit is die kleinseun van br. Louis en sr. Antoinette Krüger (A20).
- Br. Dewald en sr. Elmien Hoffmann (A22) wat vandag hul babaseun, Dian ten doop hou.

WOORDBEDIENING

AANDDIENS om 18:00

Psalm 48: 1, 4, 5
Psalm 146: 3, 4, 5
Psalm 18: 15, 16, 20

Skriflesing: Filippense 4 (1983 Vertaling)
Heidelbergse Kategismus Sondag 10

"13 Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."

Filippense 4:13

Tema: Is ek tot alles in staat, of nie?

1. Goed-voel teologie
2. Gereformeerde beginsels vir Skrifuitleg
3. Waartoe is ek alles in staat?
4. Troos vir gelowiges

ATTESTATE

Met attestaat verwelkom:

- ✝ Vanaf GK Waterkloofrand: **Sr. Celia Botha (D07).**
- ✝ Vanaf GK Linden: **Sr. Elmien Hoffmann (A22).**
- ✝ Vanaf GK Oos Moot: **Br Jacs en Sr. Mart-Mari van Rooy met dooplidmate Anina en Leia (A20).**

Die volgende lidmat/e het aangedui dat hulle, hul vereenselwig met die leer, diens en tug van die GKSA en word met vreugde opgeneem:

- ✝ Vanaf NG Sundra: **Br. Dewald Hoffman(A22).**
- ✝ Vanaf GK Komatipoort: **Br. Hanru Jansen van Vuuren (D31).**
- ✝ Vanaf NG Malelane: **Sr. Elmarie Jansen van Vuuren (D31).**

Verjaardae Meelewing

BAIE GELUK

Saam met elke lidmaat wat hierdie week verjaar, dank ons die Here vir nog 'n geseënde lewensjaar.

Br. Piet van der Walt (D35) vier DV 23 November sy 91ste verjaarsdag. Br. Maarten Kotze (A20) vier DV 24 November sy 84ste verjaarsdag.

Ons bid vir hulle in besonder, maar ook vir elke lidmaat wat verjaar die Here se genade en vrede vir 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar toe.

"Mag julle geseën word deur die Here wat hemel en aarde gemaak het."
Psalms 115:15

BELYDENDE LIDMATE

22 Nov	Danielle Schaafsma	A16
23 Nov	Elba Kruger	A24
23 Nov	Tienie Kruger	D05
23 Nov	Piet van der Walt	D35
24 Nov	Karen de Lange	A26
24 Nov	Willie Erasmus	A16
24 Nov	Maarten Kotze	A20
24 Nov	Felicia Mouton	A26
24 Nov	Jan van Niekerk	A16
25 Nov	Dalene Kruger	D25
26 Nov	Mieke Pelser	D03
26 Nov	Retha Schoonwinkel	A30
26 Nov	Antionet van Wyk	A14
28 Nov	Lucinda Ehlers	D23
28 Nov	Jonathan White	A16

DOOPLIDMATE

24 Nov	Tiaan Cronje	D29
25 Nov	Logan Madden	D15
27 Nov	Mar-Lize Klopper	A18

BAIE GELUK

Arno Steyn (D27) het onlangs deelgeneem aan die Gauteng Noord Atletiek en eerste plek behaal in die 400m.Hy verteenwoordig die provinsie by die ASA kampioenskappe in Potchefstroom in Desember.

Die volgende lidmate word aan die sorg van ons Here opgedra:

- Ulrich Pelser, seun van br. Kobus en sr. Eloise Pelser (D03) het Donderdag 19 November 'n operasie ondergaan en sterk aan. Hy moet oor 8 weke weer 'n opvolg-operasie ondergaan.
- Br. Gerhard Borstlap (A32) het 'n gewapende roof beleef. Ons is dankbaar dat hy ongedeerd is.
- Sr. Mariana Daffue (A30) se seun MJ word gehospitaliseer en ontvang behandeling. Dit is br. Francois Daffue (A30) se broer.
- Sr. Hilda du Plessis (D35) word gehospitaliseer en ontvang behandeling.
- Br. Pieter Ackerman (A24) was gehospitaliseer, maar is ontslaan en sterk tuis aan.

Inligting

Kollekte by deure vir die FRANSE MEDIA-BEDIENING

Kollekte onder die diens gaan vir die barmhartigheids-diens van die diakens

Ons ondersteun ds. Eric Kayayan se bediening van die evangelie deur middel van die media aan Fransprekendes in Afrika, Frankryk en Armenië. Die fondse word gebruik om radiostasies in verskeie lande vir lugtyd te vergoed.
Ons dra vier kollektes per jaar vir die doel af. Vandag is die laaste geleentheid om hierdie bediening finansieel te ondersteun.
Baie dankie vir u bydrae.

RIETVALLEI SE BANKREKENING-BESONDERHEDE

Kerkkas: Rekeningnommer: 34 9014 4306 Gebruik asb. verwysing: WYK VAN NAAM

Diakonie: Rekeningnr: 40 5113 8620

Susters: Rekeningnr: 40 9473 9097

Franse mediabediening: 40 4878 6755

Al die rekeninge is by ABSA-takkode: 632 005

22 - 28 November

Aktiwiteite hierdie week

VANDAG – 22 November

Skinkbeurte: Wyk A28 en D23

MAANDAG – 23 November

Pluimbal: 16:00 – 20:00

DINSDAG – 24 November

Senior Bybelstudie: 10:00 (Konsistorie)
Streek Sinode

WOENSDAG – 25 November

Visitasie: Lidmate met afsprake - 17:00 (Raadsaal)
Vergadering met kerkraad: 19:00 (Saal)

DONDERDAG – 26 November

Gemeente Bybelstudie-afsluiting: 09:00 (Saal)

VRYDAG - 27 November

Bybelstudie: Vroegoggendvolgelinge: 06:00 (Aanlyn)
Belydenisklaskamp: 27 – 30 November

SATERDAG – 28 November

Senior lidmate-afsluiting: 11:00 (Saal)

Finansiële nuus - Kerkkasbydraes

Gedurende Okt. 2026 het ons bydraes baie goed herstel en hoog bo die gemiddelde bydrae vir die jaar geëindig, met ‘n syfer van R702 332.



Groete.
Finansieskantoor

8 Goedgebruikte staal-tafels te koop @ R100 elk. Kontak sr Karen de Lange, indien jy belangstel.

Visitasie

DV Woensdag, 25 Nov. om 17:00. Die visitatore het versoek dat lidmate wat hulle wil sien, dit asseblief skriftelik aan die skriba sal deurgee.

Approbasie

Die volgende name word ter approbasie voorgehou:

Ouderlinge:

- Neels Labuschagne (A28)
- Derik Snyman (D33).

Almanakboek 2027

R140
per eksemplaar

Bestel by die kerk-kantoor. Betaal per EFT in die kerkkasrekening, gemerk:

Almanak + Van

Inligting

Skinkbeurte



November 2026

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

- 22 Nov - Sondag
  - A28 & D23
- 29 Nov - Sondag
  - A30 & D19

Vergaderings:

- 11 Nov - Woensdag: Ouderlinge & Diakens
  - Sustersbestuur en vrywilligers

Sustersbestuurslid aan diens:
Lindi Rust - 073 193 4101

Kontak Lindi vir enige navrae rakende die kombuis en ander suster-sake gedurende November

Skinkbeurte

- 6 Des- Sondag
  - A32 & D35
- 13 Des - Sondag
  - D31 & D33
- 20 Des - Kersdag
  - Vrywilligers

Desember 2026

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

Vrywilligers:

- 25 Des - Vrydag
  - Kersdag
- 27 Des - Sondag

Sustersbestuurslid aan diens:
Alida Venter - 084 850 8538

Kontak Alida vir enige navrae rakende die kombuis en ander suster-sake gedurende Desember

BYBELVERSPREIDING

Borg-'n-Bybelprojek:

Ons fondsinsameling vir die BGSA se Borg-'n-Bybelprojek word tot die einde van 2026 voortgesit. Kom ons gee aan hierdie projek vir die oorblywende gedeelte van November 2026 'n ekstra hupstoot! Dit kan op die volgende maniere gedoen word:

† Daar is 'n houer met koeverte, pilbotteltjies en buisies op die rak in die portaal beskikbaar. Maak gerus gebruik hiervan vir jou bydrae vir Bybelverspreiding. (Elke botteltjie hou 20 R5-munte = R100)
† Doen 'n EFT in die kerkkas en merk die bydrae: "Bybelverspreiding" of "Borg-'n-Bybel".

RIETVALLEI 40

'Ons is SAAM deur die Gees afgesonder om God se verlossingsdade te verkondig.' 1 Petr. 2: 9 en 10

Koinonia – gemeentegemeenskap

Die Koinonia-groep is versoek om 'n groot **gemeenskaps-/sportfunksie** te reël. Die gedagte is om 'n interne gemeentelike sport-/pretgeleentheid (Huis-Dopperspele) te reël waar:

- wyke;
- gesinne;
- ander gemeentegroepe

teen mekaar kan deelneem.

Verskillende sportsoorte en prettige aktiwiteite kan ingesluit word. Indien jy enige gedagtes of voorstelle in hierdie verband het, kan jy gerus met br Dirk Maree (072 783 3221) of enige ander persoon wat by die Koinonia-groep betrokke is, in verbinding tree.

VERLOF:
Ds Anton Dednam is met verlof vanaf 1 – 15 Desember.

Vanaf die Kerkraad se tafel:

Tydens die vergadering van 11 November 2026 het die bedieningsverslae van Di Dednam, Aucamp (TOPIA), Kumar (Indië), Nkoana (Ramotse) en Du Plessis (Botswana / D'Kar / Matopi) aandag gekry. Die kerkraad het met dank kennis geneem van die bedieningswerk wat deur die onderskeie predikante gedoen word.

Met die verslag van die Apologetiek-bediening is inligting verskaf oor onderwerpe wat gedurende die afgelope kwartaal bespreek is. Dit het onder andere onderwerpe soos

- Analysing Worldviews. (1 Junie)
- The Role of Suffering in the Life of a Believer. (21 Julie (GK Centurion)
- How to Read the Bible. (27 Julie)
- Why does God Allow Evil? (3 Augustus)
- Life After Death. (17 Augustus)
- Transgenderism. (12 Oktober)
- Pro Life. (19 Oktober)
- God, are you still there? (2 November)

Lidmate wat oor Ratio Christi en verwante aktiwiteite ingelig wil bly, kan op die GKR Gemeenskap op die WhatsApp-groep inteken, of kan ouderling Andrie van der Linde (083 632 4894) kontak om op die groep ingesluit te word.

Verslae oor die ander bedieninge waarby Rietvallei betrokke is (Crossroads Prison Ministries, Bybelverspreiding en Musiekbediening) het ook aandag gekry.

In die verslag van die Katkisasie-bediening is kennis geneem van die toewyding van ons kategete. Lidmate word weer versoek om, indien hulle die kerkgebou binnekom voor katkisasie afgehandel is (09:00), begrip te toon vir die katkisasielesse wat steeds aan die gang is, en dan die tyd vir Bybellees en stilte-tyd te gebruik.

Die Evangelisasie-diensgroep het tans nie 'n sameroeper nie. Dit hoef nie 'n ouderling te wees nie en daarom word lidmate, wat in Evangelisasie betrokke wil raak, uitgenooi om met die skriba in verbinding te tree.

Gemeente-bediening: Die pad vorentoe

'n Kommissie is aangewys met die opdrag om die kerkraad en diakens tydens die geskeduleerde vergadering van 27 Januarie 2027 te adviseer rakende die beroeping van 'n mede-leraar.


Kersfees Funksie
Alle senior lidmate word hartlik uitgenooi
vir 'n heerlike Kersete
Saterdag, 28 November 2026
om 11h00 by GKR Saal
Indien u hierdie geleentheid wil bywoon,
skryf u naam op die lys in die voorportaal


Ons vier die geboorte van Christus
29 November 2026
Erediens begin 9 uur!!
Bring 'n bordjie eetgoed en
kuier lekker saam na die diens.
GEREFORMEERDE KERK
RIETVALLEI


GK Rietvallei Susters en Diakonie
GEE-projek 2026
Gee-projek
vir ons behoeftige gesinne.
Kontant: Sustersbankrekening
Items: Voorportaal donasiemandjie
Saam kan ons 'n verskil maak!
susters
RIETVALLEI
Susters bankbesonderhede:
ABSA tjek
Tak kode: 632 005
Rek no: 40 9473 9097


Kom sing saam!
Gereformeerde Kerk Oos-Moot
Kinderhuis
Kerskonsert
DV Dinsdag 1 Desember 2026
vanaf 18:30
31ste Laan 728
Vir meer inligting, kontak Anculien: 073 155 0806



DIAKONIE · BEROEP OP DIE GEMEENTE

Help ons om die kinders na Rietvlei te neem

Die diakonie het reeds R3 100 betaal vir die President Kruger Kinderhuis se Desember-uitstappie na die Rietvlei-natuurreservaat – vir die kinders 'n absolute hoogtepunt.

Wil jy bydra? Betaal dit in die diakonie se rekening in en merk dit duidelik.



Bankbesonderhede

REKENINGNAAM
GK Rietvallei Diakonie

BANK
Absa

TAKKODE
632 005

REKENINGNOMMER
40 5113 8620

VERWYSING
"Kinderhuis Uitstappie"


VEG REG
11 & 12 Januarie 2027
Program: 08h00 tot 14h00
Vir 5 tot 13 jariges!
Gereformeerde Kerk Rietvallei
Geestelik: Verdedig jou geloof!
Emosioneel: Hanteer jou seer!
Fisies: Staan jou man!
Sosiaal: Werk en speel saam!
Kinders kan veilig op-en afgelaai word
Hulp nog nodig met kos en speletjies asb!
Koste @ R100.00 per dag (sluit middagete in)
Whatsapp: Elsa Stoker 083 501 5509


Ons kort asb dringend mense om die wit lappe om te kap met masjien....
083 501 5509

GK RIETVALLEI

UITREIKING

Baie dankie!

vir elke gawe wat reeds ontvang is

Julle mededeelsaamheid maak 'n werklike verskil vir PPK Kinderhuis en Ramotse Gemeente.



PPK Kinderhuis

BENODIG

- Toiletware
- Skryfbehoeftes

Ramotse Gemeente

BENODIG

- Olie
- Geblikte vis
- Rys

NOV
29

DAAR IS NOG GELEENTHEID

Plaas jou bydrae in die mandjies in die ingangsportaal, tot en met **Sondag 29 November**.

Saam deel ons uit wat ons self ontvang het.

KONINGSKINDERS

Benodighede vir die eindjaarkamp:

Kellog's Corn Flakes 1kg	1/7	Suiker 2.5kg	0/4
Margarien 1kg	0/4	Aanmaaksap 5l	0/5
Kaas 850/950g	0/4	Koekies 1kg	0/6
Viennas 1kg (24-pak)	0/3	Sunlight Liquid 1.5l	0/3
Spek 1kg	0/4	Domestos	0/2
Sout 250g	0/2	Handy Andy	1/1
Ricoffy 750g	0/3		

Skenkings by Cobus na afloop van oggenderediens voor **30 November 2026**
Kontak Cobus Swart: 071 265 9441
Baie dankie vir julle ondersteuning!

Eljada Huis
Waar die HERE sorg en voorsien!

Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont, Tel: (012) 377-0503 / 067 084 6792 (Petro)

info@eljadahuis.org.za / kontak@eljadahuis.org.za

OPDATERING VAN VOERTUIGFONDS

Ons prys die Here en is **ongelooflik dankbaar** om te kan deel dat ons voertuigfonds reeds op **R243 670** staan!! Dit is vir ons 'n groot getuienis van liefde, omgee en vrygewigheid van soveel mense wat saam met ons in hierdie behoefte glo en help om 'n verskil te maak.

Ons wil net graag 'n vriendelike, maar belangrike versoek rig aan almal wat 'n bydrae tot ons voertuigfonds wil maak. Indien jy 'n donasie spesifiek vir die aankoop van ons nuwe bakkie maak, versoek ons asseblief om **"VERVOER"** as verwysing op jou betaling te gebruik. Dit is uiters belangrik aangesien ons slegs betalings met hierdie verwysing aan ons voertuigfonds kan toeken en daarvoor kan aanwend.

Ons wil graag verseker dat elke donasie volgens die skenker se bedoeling aangewend word en dat ons ons voertuigfonds korrek kan administreer.

BAIE BAIE DANKIE vir u begrip, liefde en **VOLGEHOUE ONDERSTEUNING**. Elke bydrae bring ons 'n tree nader aan ons doelwit om 'n betroubare voertuig te bekom waarmee ons die werk van Eljada Huis kan voortsit.

Met liefde en dankbaarheid waardeer ons elkeen!

KERSKOEKIES EN BESKUIT:
Net 'n vriendelike herinnering - die **sluitingsdatum** vir bestellings van ons koekies en beskuit is **30 November 2026**

Bestel so gou as moontlik om teleurstelling te voorkom!!

Eljada Huis
Waar die HERE sorg en voorsien!

Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont, Tel: (012) 377-0503 / 067 084 6792 (Petro)

info@eljadahuis.org.za / kontak@eljadahuis.org.za

KOSPAKKIES tov DESEMBER 2026 - MAAK HIERDIE KERSFEES 'N VERSKIL

Dit is weer daardie tyd van die jaar wanneer ons by Eljada Huis begin voorberei om ons gesinne met liefde en omgee deur die Kersseisoen te ondersteun.

Soos elke jaar wil ons graag aan ons borge en ondersteuners die geleentheid bied om 'n gesin(ne) van hul keuse te borg deur hulle Kersfeeskospakkie te voorsien.

Stuur asb ‘n e-pos aan Petro na info@eljadahuis.org.za vir die kospakkielyste en aantal gesinne.

Pakkies kan by Eljada Huis afgelaai word voor of op die 10de Desember 2026, alternatiewelik kan ons dit gaan optel.

Indien jy nie self die kospakkie kan gaan aankoop nie, kan jy die bedrag onder aan die betrokke gesin se bladsy in Eljada Huis se rekening inbetaal met die **VERWYSING: "KOSPAKKIE** en die **gesin se NAAM"** en sal ons dan self die aankope gaan doen namens jou. Ons besef dat elkeen nie noodwendig die vermoë het om 'n hele gesin te borg nie, daarom sal enige bydrae, groot of klein, met opregte dankbaarheid ontvang word. Ons glo dat Kersfees nie net oor geskenke en feestelikhede gaan nie, maar ook oor liefde, omgee en die voorreg om iets van ons oorvloed met ander te deel.

Vir inbetalings is ons bankbesonderhede as volg:

Standard Bank Spaar
Rekeningnr: 0443 960 58
Tak: Montana 051001
Verwysing: Jou naam en "Kospakkie vir ? gesin"

Indien jy enige navrae het, moet asseblief nie huiwer om ons te kontak nie.

Baie dankie dat jy jaar na jaar deel is van Eljada Huis se verhaal. Dankie dat jy saam met ons hoop, waardigheid en lig in ons gesinne se lewens bring.

Mag die Here elkeen van julle ryklik seën vir jou oop hart en bereidwilligheid om 'n verskil te maak.

Met **OPREGTE LIEFDE en WAARDERING**.....

GKSA-nuus:

Gelukwense:

- Hartlike gelukwense aan teologiese student Jan en Rika Vorster wat Saterdag 14 November 2026 in die huwelik bevestig is.
- Hartlike gelukwense aan ds Quintin en Ammie Venter van GK Delmas met die geboorte van hul seuntjie, Levi, op 18 November 2026.

Kerklike Administrasie:

Beroepe ontvang:

† Ds F (Floris) van Staden van GK Stilbaai na GK Bloemburg.

† Ds F (Floris) van Staden van GK Stilbaai na GK Wolmaransstad.

Emeritering:

- Ds Sarel Venter, predikant van GK Pietersburg, lewer op Sondag 29 November 2026 sy afskeidspreek waarna hy en sy vrou, Tialeen emeriteer.

Proponente beroepbaar gestel – November 2026:

EKSAMEN MET DIE OOG OP PROPONERING EN BEVESTIGING (Acta 1985:557)
Onderstaande broeders is volgens Artikel 4 van die Kerkorde ondersoek in die vakke wat vir die beroepbaarstelling en bevestiging voorgeskryf is en hulle is beroepbaar gestel in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

† Proponent AL (Ammi) en Suné Pelser.

† Proponent MS (Shadrack) en Tsakani Maluleke.

† Proponent MS (Shadrack) en Tsakani Maluleke.

† Proponent TP (Tshediso) en Puleng Mateba.

† Proponent M (Markus) en Natasha Venter.

† Proponent P van G (Pieter) Deysel.

† Proponent R (Rynhardt) en Leané Landman.

† Proponent S (Stephan) Olivier.

Hulle word toegelaat om, in gebondenheid aan die verklaring in hierdie vergadering onderteken, om met die oog op beroeping en bevestiging te preek.

† Voorts het die klassis ook besluit om die proponentstatus van proponent Koketso Lepodise te verleng tot en met September 2027.